HOËRSKOOL WATERKLOOF

ORKES- EN KOORPRODUKSIES

TRES SCHOLARUM

Hierdie jaarlikse optrede van Hoërskool Waterkloof, Hoërskool Garsfontein en Die Hoërskool Menlopark in die Universiteit van Pretoria se Aula Ouditorium is ‘n skouspel wat nie misgeloop kan word nie. Elke skool is een keer in drie jaar die gasheer en die ander skole werk saam om ‘n program wat jong Kultuurtalent in die Ooste van Pretoria ten toon stel, aan te bied. Die aand word tradisioneel met ‘n massaitem van die skole se orkeste en kore afgesluit.

PROMENADEKONSERT

Hierdie jaarlikse spogoptrede is ‘n geleentheid vir ons koor/kore en ons konsertorkes om saam musiek te maak. Die jaar se repetorium word aangebied met afwisseling deur soliste (Klofiekunstefees afdelingswenners) wat optree, terwyl ‘n aandete bedien word. Dit is ‘n heerlike aand in die Barnyard teaterstyl met lekker kos en top Klofievermaak.

Respek, Integriteit, Lojaliteit
R·I·L
#GRENSLOOS

WIE MAG DEELNEEM AAN AL DIE PRODUKSIES?

Die koor en orkes neem deel aan al hierdie konserte of produksies. Met die revue kan enige leerder vir die oudisie gaan.

REVUE

Ons bied gereeld volgens beplanning en begroting ‘n skoolrevue aan. Dit is altyd iets om na uit te sien en leerders wat hierby betrokke raak, onthou die geleentheid vir altyd.

HOËRSKOOL WATERKLOOF/ AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL-DERBY

Hierdie jaarlikse Interskole Kultuurderby word afwisselend tussen die twee skole aangebied om Kultuurleerders wyer blootstelling te gee en ook die geleentheid om saam op te tree.

#grensloos